



PETRUSBURG NUUS

Deur God se genade 'n biddende gemeente wat mekaar in liefde dien en uitreik na die wêreld. 6 Maart 2022

Vanoggend

Skrifgedeelte: Psalm 111

Tema: God weet van ons kort geheue

Gelukkig weet God van ons kort geheue. En Ps 111 sê vir ons dat Hy ook 'n plan gemaak het om ons te help om Hom te onthou en met oorgawe te dien. Vers 4 sê: Hy sorg dat sy magtige daade nie vergeet word nie.

Ons Program

Vandag: Eerste Sondag in Lydenstyd

- **Nagmaaldiens** om 9:30 en **Ons Woning** om 11:00 olv ds. Jaco Thom
- **Deuroffer:** Hulp vir Sinodale Pensioenfonds



Dinsdag 8 - Donderdag 10 Maart: Sinodesitting

- Bid asb vir hierdie belangrike vergadering, wat net elke vier jaar gehou word. Die NG Kerk beleef tans baie groot onrustigheid, en by die sinodesitting moet die Vrystaat Sinode 'n standpunt hieroor inneem, en ook die pad vorentoe aandui, veral vir gemeentes soos ons wat doleer.

Sondag 13 Maart: Tweede Sondag in Lydenstyd

- **Formele Erediens** om 9:30 en **Ons Woning** om 11:00 olv ds. Jaco Thom
- **Deuroffer:** Geestelike Bearbeiding van die Studerende Jeug
- **Sondagskool**

Ons Bybellees-program

- Ons is steeds met die **Evangelie volgens Johannes** besig. Vandag lees ons Joh 20. Kontak gerus ds Jaco of Elmien as jy ook die daaglikse oordenking per WhatsApp wil ontvang.



Só glo ons

Nederlandse Geloofsbelydenis Artikel 33

Ons glo dat ons goeie God, omdat Hy met ons stompsinnigheid en swakheid rekening hou, die sakramente vir ons ingestel het om sy beloftes aan ons te beseël, om tekens van sy goedheid en genade teenoor ons te wees en om ons geloof te voed en in stand te hou. Hy het dit by die Woord van die evangelie gevoeg om vir ons uitwendige sintuie des te beter voor te stel wat Hy aan ons deur sy Woord te kenne gee en wat Hy inwendig in ons hart doen. So bekragtig Hy in ons die heil wat Hy aan ons meedeel. Dit is immers sigbare tekens en seëls van 'n inwendige en onsigbare saak, en deur middel daarvan werk God in ons deur die krag van die Heilige Gees. Die tekens is dus nie sonder sin en sonder inhoud om ons te bedrieg of te mislei nie; hulle waarheid is juis geleë in Jesus Christus, sonder wie hulle geheel en al betekenisloos sou wees. Verder is ons tevrede met die aantal sakramente wat Christus, ons Meester, vir ons ingestel het en wat slegs twee is, naamlik die sakrament van die doop en die heilige nagmaal van Jesus Christus.

Lief & Leed

Verjaarsdae

Die volgende lidmate verjaar in die week. Baie geluk! Mag dit 'n besondere jaar vir elkeen van julle wees.

Maart

- 6 Barbra Botha; Tracy Neethling;
Ray Odendal (87j); Hester Venter (86j)
- 7 Winnie Ward
- 9 Marlien Van Loggerenberg
- 10 Magda Griessel



Voorbidding

- Dr. Hannes Hartman – Behandeling vir kwaadaardigheid.
- Phillip du Plessis – Herstel nog ná trombose in die long.
- Anna Klok – terug by Ons Woning, baie swak.



- Chris Mulke – Ernstig siek.
- Rina Ward – voortgaande verswakking.
- Chrilene Human - Herstel nog by die huis, ervaar nog baie pyn.
- Buks Ferns – Opgeneem in die hospitaal
- Oorlog in Oekraïne

Vrouebediening

Kwartaal 1: Ragab-groep (Wyke 2, 5 & Modderrivier)

o.l.v. Mev. Sorina Stander

16 Mrt Bestuursvergadering (Bespreek basaar)

17 Mrt Skole sluit

Ten Slotte

Gebed oor die oorlog in die Oekraïne

Rudi Swanepoel

Here Jesus, nederige Heerser oor die heelal,

Ons ouer broer Paulus het goed verstaan dat dit bykans onmoontlik is om te bid in tye van diep donkerte. Hy het ons verseker dat die Gees vir ons intree wanneer ons woorde op raak en ons nie weet wat om te bid nie.

Ons ken dit gevoel: die ontoereikendheid van ons woorde.

Maar in hierdie dae besef die mense van die Oekraïne dit beter as ons.

Heilige Gees, tree asseblief in vir hulle en bid met hulle. En met ons.

Bid vir die ou man wat aangemeld het om te veg om sy kleinkinders

te red;

vir die vroue wat matrasse voor hulle vensters druk;

vir die soldate wat hulle kinders groet;

vir die kantoorwerkers wat hulle troeteldiere in die ondergrondse treinstasies streel, en hoop dat die elektrisiteit sal aan bly.

Here, wees genadig!

Here Jesus, ons wil nie onthou dat U ons geleer het om ons vyande lief te hê en te bid vir bese regerings nie. Maar ons onthou dit tog. Daarom, al wil ons nie, bid ons vir hulle: die magshongeriges, die gekkes, die boses.

Here, wees hulle ook genadig, maar stop hulle intussen in hulle spore.

Ons lysie is vandag lank, en dit sal vir 'n hele ruk nog lank wees. Dankie dat U nie net ons lang versugtinge hoor nie, maar ook ons vrese in woorde sit wat sin maak.

Here Jesus, nederige Heerser van die wêreld, ons glo in U en ons vertrou U.

U is Here, en niemand anders nie.

Amen.

Leraar:	Jaco Thom 084 523 1157 jaco@ngkerkpetrusburg.co.za
Kantoor:	Madette Lombaard 053 574 0279 ngkpetrusburg@gmail.com
Orrelis:	Elmien Thom 084 562 3434 elmien@ngkerkpetrusburg.co.za
Koster:	Annamarie Dercksen 072 499 4262 annamarie.dercksen@yahoo.com
Webwerf	www.ngkerkpetrusburg.co.za facebook NG Kerk Petrusburg
Kantoorure	Maandae: 11:00-13:00 & Dinsdae – Vrydae: 08:00-13:00
Bankrekening	ABSA Tjekrekening 2610580001